DATE 11 SEP 1959
DIE OOSTERLIG, P.E.

# „ONS BANTOES HET DEEL AAN DIÉ GEMORS"

(Van Ons Randse Verteenwoordiger)

JOHANNESBURG. — „Die imperialisme van sowel die swartman as die witman in Suid-Afrika is besig om my land uit te lewer aan die kommunisme," het eerw. George Molefe, van Port Elizabeth, op die wêreldkonferensie van die Morele Herbewapening in Caux, in Switzerland, gesê.

Eerw. Molefe is die eerste Bantoe wat moderator van die Presbiteriaanse Kerk in Oos-Kaapland geword het.

'n Verslag van sy toespraak is gister deur die beweging in Johannesburg vrygestel.

„Ons Bantoes het baie verneem van blanke imperialisme en trots. Dan sit ons agteroor en voel op ons gemak en eiegeregtig. Maar as 'n Bantoe weet ek dat die haat, verbittering en ambisie wat my aanspoor om op ander te trap om te kom waar ek wil wees, net so imperialisties is as enigiets wat die blanke in Afrika gedoen het. Ons Bantoes moet verander en ons volle deel van die verantwoordelikheid dra vir die onenigheid en gemors in ons vasteland."

Eerw. Molefe het gesê dat die enigste ideologie wat Afrika van die kommunisme kan red morele herbewapening is.